

# Die bende van die duiwel (Bose Geeste)

## Die bende van die duiwel (Bose Geeste)

Is daar bese geeste? Die Bybel sê daar is magte en invloed en gebeure wat nie goed is nie, om dit nou maar sags te stel. Om die waarheid te sê, dit is boos en dit beïnvloed ons almal.

Om dit te verduidelik gebruik die Bybel 'n beeld van 'n koning of prins wat oor 'n koninkryk regeer. Hy het sommer baie name. In Johannes (12:30-31) word die leier of duiwel byvoorbeeld die "prins/leier van hierdie wêreld" genoem en op ander plekke die slang van ouds, die draak of ook sommer Satan (Openbaring 12:9).

Om jou te kan voorstel hoe die Satan en sy magte werk, moet jy dink aan 'n leier wat in 'n koninkryk regeer. Die leier het baie helpers/diensknegte, die demone en bese geeste, wat hom op verskillende maniere in sy koninkryk moet dien, help en bystaan. So is die duiwel die leier van groot groepe demone, bese geeste en so aan. Elkeen van hierdie demone of geeste het sy eie werk en dit is beslis nie om goed te doen of soet te wees nie. So lees ons soms in die Bybel van bese geeste, ander kere van demone of van die duiwel self. Bese geeste is dus die anti-goddelike magte wat God se saak in die wêreld probeer verongeluk. En een van die hoof slagvelde tussen God en Satan is tussen en in mense. Daar word om mense se lojaliteit en siele geveg.

In die lig moet ons ook die opmerkings in die Bybel sien dat Jesus oorwin het. Dit was twee magte wat mekaar die stryd aangesê het en die Here Jesus het gewen. Nou is daar nog so bietjie weerstand van die duiwel se kant, maar hy het klaar verloor.

**Boek:** *Geloof in Aksie-Bybel*

**Skrywers:** [Prof Jan van der Watt](#), [Dr Stephan Joubert](#), [Dr Johan Smith](#)

**Uitgewers:** [Christelike Uitgewers Maatskappy](#)

---

# Daar waar die duiwel bly (die hel)

## Daar waar die duiwel bly (die hel)

Waar is die hel? Niemand weet nie, maar ons weet wel wat die hel is. Die Nuwe Testament het verskillende woorde wat vir ons help om mooi te verstaan wat met die doderyk en onderwêreld bedoel word. Partymaal krap mense die woorde en gedagtes deurmekaar en dan sit 'n mens met 'n deurmekaarspul

- Daar is die doderyk (Griekse woord = *hades*; Hebreeus = *sheol*). Dit is waar mense wat dood is, heengaan. Jesus is byvoorbeeld ook doderyk toe volgens 1 Petrus 3:19-20. Sondae bely ons in die geloofsbelydenis dat Jesus “ter helle” neergedaal het. Dit beteken nie dat Jesus in die hel was waar mense vir hulle sonde gestraf word nie. Nee, dit beteken dat Hy in die doderyk was. Soms praat mense daarvan as die hel en dan maak dit 'n mens deurmekaar. Hulle moet eerder van doderyk praat. Dit word ook die “gevangenis” genoem – die doderyk word soos 'n gevangenis voorgestel, omdat as jy eers daar is, jy nie kan uitkom nie. Behalwe natuurlik as iemand die sleutel het... en Jesus het dit. Daarom weet ons Hy gaan ons uit die dood laat opstaan. Ons gaan uit die gevangenis uitstap.

- Dan is daar die hel (Grieks = *gehenna*) waar mense vir hulle sondes gaan betaal. Dit is die nare plek waar niemand wil land nie. Die Nuwe Testament brei nie eintlik uit oor wat alles daar gaan gebeur nie, behalwe dat beelde van vuur gebruik word. Dit gaan iets verskrikliks wees. Mense wat nie aan God behoort nie gaan daar vir ewig sonder Hom in hulle boosheid gestraf word.

**Boek:** *Geloof in Aksie-Bybel*

**Skrywers:** [Prof Jan van der Watt](#), [Dr Stephan Joubert](#), [Dr Johan Smith](#)

**Uitgewers:** [Christelike Uitgewers Maatskappy](#)